# Amerikaanse herstel baie traag

## Wêreldwye ekonomiese nuus: Augustus 2010

**Deur Kevin Lings en Laura Jones, STANLIB ekonome**

Die herstel in die Amerikaanse ekonomie is nie oortuigend nie, en die huismark het nog nie tekens van verbetering getoon nie. Daar is egter 'n mate van ondersteuning vir die huismark, wat na verwagting sal verhinder dat die VSA weer in 'n resessie verval.

### Amerikaanse verbruikersvertroue daal

Amerikaanse verbruikersvertroue het van 76.0 in Junie gedaal tot 66.5 in Julie, vanweë die stadige herstel in indiensneming. Dit was die laagste vertroue-gradering sedert Augustus 2009.

### Geen verbetering in die Amerikaanse huismark

Amerikaanse huismark-bedrywighede het in Mei/Junie 2010 beduidend verswak na die verval van die relatief ruim Federale Eiendomsbelasting-krediet aan die einde van April 2010. 'n Aantal residensiële eiendomsaanwysers is nou by, of naby aan, rekord-laagtepunte. Dit sluit in nuwe huisverkope, behuisingspermitte, bouprojekte en verband-aansoeke. Daar is steeds 'n groot aantal onbewoonde of teruggeneemde huise in die VSA, wat neerdrukkend inwerk op huispryse en die boubedryf.

Hoewel die eiendomsmark waarskynlik die enkele swakste aspek van die Amerikaanse ekonomie is, is dit onwaarskynlik dat dié sektor sal veroorsaak dat die Amerikaanse ekonomie weer teruggly in 'n resessie in. Deurdat huispryse aansienlik gedaal het, is huise nou meer bekostigbaar. Volgens onlangse aanduidings is huispryse besig om te stabiliseer.

### Verbruikers steeds besig om skuld terug te betaal

In Mei 2010 het Amerikaanse verbruikerskrediet met 'n beduidende $9.1 miljard gedaal. Dit was 'n groter daling as wat die mark verwag het. In 19 van die afgelope 22 maande het Amerikaanse verbruikerskrediet (uitsluitend verbandfinansiering) gedaal. Daarenteen het Amerikaanse verbruikerskrediet voor Januarie 2009 elke maand vir 125 agtereenvolgende maande gestyg.

Sedert die middel van 2008 probeer Amerikaanse verbruikers ontslae raak van skuld, of dit vermy. Dit word weerspieël deur 'n drastiese daling in verbandvoorskotte gedurende die tydperk 2008/2009, asook 'n skerp daling in verbruikerskrediet. Hierdie daling in verbruikerskrediet is uiters ongewoon, gesien in die lig van die geskiedenis van verbruikerskrediet. Byvoorbeeld, van 1995 tot 2008 het Amerikaanse verbruikerskrediet met 'n totaal van $1.56 triljoen, of teen 'n gemiddelde koers van $111.7 miljard per jaar, gestyg. Daarteenoor het Amerikaanse verbruikers hul krediet (uitsluitend verbande) in die loop van 2009 met 'n beduidende $112.3 miljard verminder.

### Huishoudelik skuld laer, hoewel steeds hoog

Die verhouding van Amerikaanse huishoudelike skuld tot besteebare inkomste staan op 125.9% (Kw1 2010), nadat dit in Kw1 2008 'n toppunt van 135.9% bereik het. Teen 125.9% is die

verskuldigingsverhouding egter steeds heelwat hoër as die gemiddeld van 118% oor die laaste tien jaar. Gelukkig het die verhouding van die diens van skuld (lenings) tot maandelikse inkomste (die maandelikse koste van skuld-terugbetalings teenoor inkomste) danksy laer rentekoerse en ‘n daling in skuldvlakke tot 12.46% van besteebare inkomste gedaal. Dit is steeds relatief hoog, maar is heelwat laer as die toppunt van 13.96% wat in Kw1 2008 aangeteken is.

Dit is verder bemoedigend om te sien dat persoonlike inkomste in die VSA jaar-op-jaar begin styg het (minstens in nominale terme) en dat verbruikersbesteding nou vir 8 agtereenvolgende maande gegroei het (jaar-op-jaar, in nominale terme).

## Amerikaanse indiensneming moet groei, nie krediet nie

Die gebrekkige groei in verbruikerskrediet is natuurlik skadelik vir die ekonomiese herstel, ten minste oor die baie kort termyn. Verbruikersbesteding was nog altyd ‘n belangrike dryfkrag agter ekonomiese groei. Gegewe die feit dat die Amerikaanse verbruiker steeds erg in die skuld is en maandeliks maar min spaar, sou ‘n beduidende groei in verbruikerskrediet in hierdie stadium van die herstelsiklus eintlik ‘n bron van kommer wees. Die ideaal is dat daar in die VSA ‘n kombinasie moet wees van matige toename in kredietverskaffing en ‘n gesonde, volgehoue groei in privatesektor-werkverskaffing.

## Indiensnemingsherstel sal na verwagting traag bly

Hoewel indiensneming besig is om te herstel, sal dit waarskynlik nog lank wees voordat die werkverskaffingsmark verbeter, veral as ‘n mens in ag neem dat twee vorige indiensnemings-oplewings in Amerika deur ‘n baie spesifiede nywerheidsdinamika, naamlik die groei in die hoëtegnologie-sektor, gedryf is. Dit het gelei tot ‘n borrel in tegnologiese voorraad, terwyl ‘n opbloei in die huismark uiteindelik gelei het tot ‘n oorvoorsiening van huise en die kredietkrisis. ‘n Veel sterker vlaag van indiensneming word benodig om die skade te herstel wat deur die finansiële krisis veroorsaak is.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*